

25 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 145  
Fokusgedeelte: Psalm 145:3, 8-9, 17-18

### Loof die Here, want Hy is groot, goed en getrou

**H**ierdie Psalm is een van die bekendste lofpsalms waarvan ons die refrein van die beryming in ons gedagtes toe oë hoor weerklink. Hier word basies drie eienskappe van God besing:

- God is groot (vs 3). Wanneer jy klein voel teen die oormag van versoekings in jou lewe, het jy nodig om te glo in God se *groot* krag waar Hy as Almagtige oor jou lewe en ook oor die bose regeer.
- God is goed (vs 8, 9). Wanneer jy voel dat die beproewings op jou pad te veel raak, troos dit jou dat God altyd *goed* is en jou sal optel op jou moeilike opstaanpad.
- God is getrou (vs 17, 18). Wanneer jy soms voel dat God afwesig is en nie altyd daar is wanneer jy Hom nodig het nie, kan jy glo dat Hy altyd *getrou* is en jou sy liefde in elke omstandigheid sal skenk.

*Sing: Psalm 145:1, 2, 12*

*Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)*